Becoming
LOVE

IF WE START AT FINISH
WHERE DO WE END?

# GROEPLEWE BESPREKING

## WEEK 1: VOLWASSE

### Vraag: If we start at the finish, where do we end?
### As ons by die EINDE begin, waarvoor mik ons dan nog?

- Die kruis was 'n sukses. Jesus het dit vir ons gedoen, Hy het dit met ons gedoen, en Hy doen dit nou in ons.
- Ons hoef nie die leer van godsdienstige prestasie te klim om by God uit te kom nie. Hy het sy woning by ons kom maak. Ek is in Christus en Hy is in my.
- Is dit dan die einde? **Nee—dis net die begin.**

**Korintiërs** – Hulle is 'n florerende gemeente (die soort wat jy graag sou wou besoek; hulle het die evangelie gehoor en geglo), maar tog het hulle 'n reuse uitdaging.

- Onvolwassenheid (1 Kor. 3:1-2) – dit is die probleem
- Liefde (1 Kor. 13:1-13) – dit is die oplossing
- Nuwe Skepping (1 Kor. 15; 2 Kor. 5:17) – dit is die missie

### Mik na VOLWASSENHEID

2 Korintiërs 13:10–11 (AFR83)
"Verder, broers, wees bly, streef na die geestelike volwassenheid, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede. En die God van liefde en vrede sal by julle wees!"



Die ESV sê: "Aim for restoration."
Die Amplified Bible sê: "Be what you should be."
Die CSB sê: "Become mature."

Paulus wys hulle in die rigting van **volwassenheid en heelheid.** En hier is die waarheid: **volwassenheid in Christus** gaan nie daaroor om 'n geestelike leer te klim deur prestasie nie, maar om in ooreenstemming te kom met wie ons **reeds in Christus is.**

Volwassenheid word nie gemeet aan godsdiens-prestasie, kennis of krag nie. Volwassenheid word gemeet aan transformasie in LIEFDE (1 Kor. 13).

---

## Raak stil en dink Wat hoor jy?

Hoe verander dit jou prentjie van hoe 'n volwasse volgeling van Jesus lyk?

## Bloudruk vir Volkome Volwassenheid

2 Korintiërs 13:13 (Afrikaanse 1983-vertaling)
"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees."

Paulus roep hulle tot **heelheid, volledigheid, en volwassenheid**—nie deur uit eie krag nie, maar deur om die heerlikheid van God te sien en te weerspieël. Hy sluit af met hierdie woorde—nie net as 'n seënwens nie, maar as 'n **plan vir geestelike groei:**



- **Die liefde van die Vader** (Agapé – opofferende, onvoorwaardelike liefde): ontvang die volheid van Sy liefde; wys en leef die volheid van Sy liefde.

- **Die genade van Jesus** (Charis – "leun vorentoe met guns"): ontvang die volheid van Sy genade; wys en leef die volheid van Sy genade.

- **Gemeenskap met die Heilige Gees** (Koinonia – intieme vennootskap): leef in voortdurende verhouding van afhanklikheid en intimiteit met Hom.

## Toepassing:

2 Korintiërs 13:5 (Afrikaanse 1983-vertaling)
"Stel julle self op die proef of julle in die geloof is; toets julle self. Of besef julle nie van julleself dat Jesus Christus in julle is nie?"

## Staan stil en bespreek:

Bespreek voorbeelde van waar Jesus in die volheid van die Vader se liefde, vol genade en in die krag van die Heilige Gees geleef het.

## Begeleide Gebed:



# Becoming LOVE

IF WE START AT FINISH
WHERE DO WE END?

Vader, ek dank U vir die voltooide werk van Jesus. Dankie dat ek nie die leer van prestasie hoef te klim om by U uit te kom nie—U het gekom om U woning by my te maak.
**Ek is in Christus, en Hy is in my!**

**Nou wil ek 'n getransformeerde lewe lei.**
Ek wil groei na volwassenheid, terwyl ek U toelaat om in my te werk—nie deur prestasie nie, maar deur in LIEFDE verander te word.

Omdat ek u **LIEFDE** ontvang het, Vader– sal ek die liefde van my Vader weerkaats, gee en deel met almal, oral, altyd.

Omdat ek u **GENADE** ontvang het, Jesus– sal ek u genade weerkaats, gee en deel met almal, oral, altyd.

Omdat ek u **KRAG** ontvang het, Heilige Gees– sal ek in intieme vennootskap met U leef.

Ek vra dat ek bekend sal staan as iemand van LIEFDE.
Dankie dat alles in my wat nie liefde is nie, deur U volheid verteer sal word—totdat al wat oorbly, **U LIEFDE** is.

Amen

